# KRUISGENOOT

26 Julie 2026

## NGK RUSTENBURG-SUID

**JESUS LEEF EN ONS MET HOM**



# Kontak

**071 436 0102**
ngrbsuid@gmail.com
www.ngrustenburgsuid.co.za

NGRtbsuid
Suid Kerk

ABSA 122 058 012 8

Kaart fasiliteite beskikbaar in kantoor en na die diens

**KANTOORURE**
08:00 - 13:00

**SKRIBA**
Helena Heystek-De Klerk
071 436 0102

**LERAAR**
Ds Driaan Britz
083 232 4706
driaan@eeworks.org

# Bid vir mekaar

## Siek of in die Hospitaal

Freddie Alberts
Annatjie Smuts
Marie Cremer
Ethel Enslin
Lienke Venter
Wimpie Espach
Marcel Derks
Grietha Paxton

# Lekker VERJAAR

27 Julie - Cornelia Bester
27 Julie - Christelle Botes
27 Julie - Lynnè Odendaal
27 Julie - Judy Robinson
28 Julie - Philip Fowlds
28 Julie - Gerda Graham
28 Julie - Zaidie-Lee Grobler
29 Julie - Juanè Grobler
29 Julie - Hanno Smith
30 Julie - Arnu Alderson
30 Julie - Angelo D Allessandro
1 Augustus - Pierre Greyling
1 Augustus - Dorian Lunderstedt

# bid




**Duitsland:** Bid vir Duitsland te midde van politieke verskuiwings, ekonomiese druk en voortdurende debatte oor sosiale samehorigheid. Vra God om wysheid aan leiers en eensgesindheid onder gemeenskappe te gee. Bid vir ons werk om die Bybel deel van die alledaagse lewe te maak.

**Italië:** Bid vir Italië, waar baie mense steeds onbekend is met die Woord ten spyte van die land se ryk Christelike erfenis. Bid dat die Here mense se belangstelling in die Bybel sal hernu, veral onder jonger geslagte. Bid vir ons pogings om die Bybel toeganklik en boeiend te maak.

**Oostenryk:** Bid dat ons Scriptures for refugees-projek diegene sal bereik wat onsekerheid en swaarkry ervaar. Bid vir 'n groeiende gees van deernis binne gemeenskappe en dat vlugtelinge, ten spyte van al die uitdagings, 'n deurslaggewende tyd in hulle lewe sal beleef waarin hul bekeer word of geestelik groei deur die Bybel.

Liewe gemeente,

Vandag neem ons afskeid, en my hart is gevul met dankbaarheid. Dankie dat julle my en Maggie met liefde ontvang, ondersteun en deel van julle geloofsfamilie gemaak het. Dit was 'n groot voorreg om saam met julle die Here te dien, Sy Woord te verkondig, saam te bid, saam te lag en soms ook saam deur moeilike tye te gaan.

Ek wil elke lidmaat bedank vir julle getrouheid, gebede, aanmoediging en omgee. Julle vriendelikheid en ondersteuning het meer beteken as wat woorde ooit kan beskryf. Dankie aan die kerkraad vir julle vertroue, samewerking en opoffering. Ek waardeer elke geleentheid wat ons gehad het om saam aan God se Koninkryk te bou.

Ons neem kosbare herinneringe saam – dope, belydenisse, huwelike, eredienste, huisbesoeke, gemeente-aktiwiteite en die talle oomblikke waarin ons God se genade saam beleef het. Hierdie herinneringe sal altyd 'n spesiale plek in ons harte hê.

Al skei ons paaie vandag, bly ons een in Christus. Ek bid dat die Here hierdie gemeente ryklik sal seën, dat Hy julle sal lei, beskerm en gebruik om nog baie mense met Sy liefde te bereik. Mag julle altyd vasstaan in die waarheid van Sy Woord en groei in geloof, hoop en liefde.

Soos die apostel Paulus skryf in Filippense 1:3:
"Ek dank my God elke keer as ek aan julle dink."
Dit verwoord my hart vandag. Ek sal met dankbaarheid aan julle terugdink en aanhou bid dat die Here Sy goeie werk in en deur hierdie gemeente sal voortsit. Mag die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde van God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees met julle almal wees.
Baie dankie vir alles.
God se rykste seën vir elkeen van julle.

*Ds Driaan Britz*

# ‘N KERK WAT BID

## *Gebed en gebedsversoeke - kontak:*

Pierre en Liza Greyling

**060 933 4735 / 072 798 2284**





**Sondag oggend**
**08:30 - 08:50**
**en direk na die erediens**
**in Koffiekamer**

## Kortlys vir nuwe Predikante:

- Ds. Ronel Coertzen
- Ds. Carl Schunke
- Ds. Hendrik Smal
- Ds. Sakkie v.d. Bergh

## ‘N KERK WAT BID

*Bid saam!*

Rig u foon se kamara op die QR kode om by die gebedsgroep aan te sluit

# BOS Basaar!

## 1 AUGUSTUS 2026

**Pret, kos en kuier. Alles onder die bome!**

Kom eet lekker kos saam ons soos melkkos, pap en kaiings, vleis, warm koffie en vele meer!
Lekker thrifting by die wit olifant en wildsvleis verkope.
Daar gaan ook lekker kinderpret wees soos die treintjie gesigverf, springkasteel, kettie skiet en vele meer!

*Kom Geniet die dag saam ons!*

